Halffinaal: Saterdag, 16 Augustus 2025

Finaal: Saterdag, 23 Augustus 2025

Prioriteitslys vir Blou Bulle Afdeling 4 en 5-skole Proewe

Jaar	o. 18	o. 16	o. 15
2024	Pretoria Technical High School	Pretoria Technical High School	Pretoria Technical High School
2025	Silverton	Silverton	Silverton
2026	FH Odendaal	FH Odendaal	FH Odendaal
2027			
2028			
2029			
2030			
2031			

Blou Bulle Hoërskole Rugbyvereniging
Bepalings - Afdeling 5
2025

Groep A (o. 15 en o. 18)

Cullinan Secondary
 Curro Pretoria
 Langenhoven
 Pretoria Technical High School
 Trinityhouse
 Woodhill College
 Kwaggasrand

Groep B (o. 15 en o. 18)

Edendale Doxa Deo
 Hercules
 SACPS
 Tyger Valley College
 Voortrekkerhoogte
 Willowridge High School

Woensdag, 19 Maart en Donderdag, 20 Maart 2025

Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Langenhoven	Cullinan Secondary	Groep A (o. 15 & o. 18)
Trinityhouse	Curro Pretoria	Groep A (o. 15 & o. 18)
Pretoria Technical High School	Woodhill College	Groep A (o. 15 & o. 18)
Kwaggasrand	Loslootjie	
Hercules	Edendale Doxa Deo	Groep B (o. 15 & o. 18)
Tyger Valley College	SACPS	Groep B (o. 15 & o. 18)
Voortrekkerhoogte	Willowridge High School	Groep B (o. 15)

Woensdag, 26 Maart en Donderdag, 27 Maart 2025

Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Cullinan Secondary	Trinityhouse	Groep A (o. 15 & o. 18)
Curro Pretoria	Woodhill College	Groep A (o. 15 & o. 18)
Kwaggasrand	Pretoria Technical High School	Groep A (o. 15 & o. 18)
Langenhoven	Loslootjie	
Edendale Doxa Deo	Willowridge High School	Groep B (o. 15)
Tyger Valley College	Hercules	Groep B (o. 15 & o. 18)
Voortrekkerhoogte	SACPS	Groep B (o. 15 & o. 18)

Woensdag, 9 April, Donderdag, 10 April en Vrydag, 11 April 2025

Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Kwaggasrand	Curro Pretoria	Groep A (o. 15 & o. 18)
Pretoria Technical High School	Langenhoven	Groep A (o. 15 & o. 18)
Trinityhouse	Woodhill College	Groep A (o. 15 & o. 18)
Cullinan Secondary	Loslootjie	
Edendale Doxa Deo	SACPS	Groep B (o. 15 & o. 18)
Hercules	Voortrekkerhoogte	Groep B (o. 15 & o. 18)

Woensdag, 16 April 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Kwaggasrand	Woodhill College	Groep A (o. 15 & o. 18)
Cullinan Secondary	Loslootjie	
Curro Pretoria	Loslootjie	
Langenhoven	Loslootjie	
Pretoria Technical High School	Loslootjie	
Trinityhouse	Loslootjie	
Woensdag, 23 April, Donderdag, 24 April en Vrydag, 25 April 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Cullinan Secondary	Kwaggasrand	Groep A (o. 15 & o. 18)
Pretoria Technical High School	Curro Pretoria	Groep A (o. 15 & o. 18)
Langenhoven	Trinityhouse	Groep A (o. 15 & o. 18)
Woodhill College	Loslootjie	
Voortrekkerhoogte	Edendale Doxa Deo	Groep B (o. 15 & o. 18)
Woensdag, 7 Mei, Donderdag, 8 Mei en Vrydag, 9 Mei 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Cullinan Secondary	Curro Pretoria	Groep A (o. 15 & o. 18)
Edendale Doxa Deo	Tyger Valley College	Groep B (o. 15 & o. 18)
Pretoria Technical High School	Trinityhouse	Groep A (o. 15 & o. 18)
Kwaggasrand	Langenhoven	Groep A (o. 15 & o. 18)
Woodhill College Loslootjie	Loslootjie	
Willowridge High School	SACPS	Groep B (o. 15)
Donderdag, 15 Mei 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Woodhill College	Cullinan Secondary	Groep A (o. 15 & o. 18)
Langenhoven	Curro Pretoria	Groep A (o. 15 & o. 18)
Trinityhouse	Kwaggasrand	Groep A (o. 15 & o. 18)
Pretoria Technical High School	Loslootjie	
Willowridge High School	Hercules	Groep B (o. 15)
Voortrekkerhoogte	Tyger Valley College	Groep B (o. 15 & o. 18)
Woensdag, 21 Mei, Donderdag, 22 Mei en Vrydag, 23 Mei 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
Cullinan Secondary	Pretoria Technical High School	Groep A (o. 15 & o. 18)
Woodhill College	Langenhoven	Groep A (o. 15 & o. 18)
Curro Pretoria	Loslootjie	
Trinityhouse	Loslootjie	
Kwaggasrand	Loslootjie	
Hercules	SACPS	Groep B (o. 15 & o. 18)
Tyger Valley College	Willowridge High School	Groep B (o. 15)
Donderdag, 29 Mei 2025		
Tuis:	Weg:	Addisionele inligting:
A1	B4	Blou Bulle Kwartfinaal (KF 1)
B1	A4	Blou Bulle Kwartfinaal (KF 2)

A2	B3	Blou Bulle Kwartfinaal (KF 3)
B2	A3	Blou Bulle Kwartfinaal (KF 4)
Donderdag, 5 Junie 2025		
Wenner Kwartfinaal 1	Wenner Kwartfinaal 4	Blou Bulle Halffinaal (HF 1)
Wenner Kwartfinaal 2	Wenner Kwartfinaal 3	Blou Bulle Halffinaal (HF 2)
Saterdag, 26 Julie 2025		
Provinsiale Stadsbeker Finaal (Blou Bulle – Afdeling 5B)		
Saterdag, 2 Augustus 2025		
SDC Noordvaal Kwalifiserende rondte (Afdeling 5B)		
Saterdag, 9 Augustus 2025		
SDC Noordvaal Kwartfinaal (Afdeling 5B)		
Saterdag, 16 Augustus 2025		
SDC Noordvaal Halffinaal (Afdeling 5B)		
Saterdag, 23 Augustus 2025		
SDC Noordvaal Finaal (Afdeling 5B)		

Uitspele: Blou Bulle Stadsbeker (Afdeling 5)

Halffinaal: Vrydag 5 Junie

Finaal: Saterdag 26 Julie (Loftus Versfeld)

SCD Noordvaaltrofee (Afdeling 5B):

Kwalifiserende ronde: Saterdag, 2 Augustus 2025

Kwartfinaal: Saterdag, 9 Augustus 2025

Halffinaal: Saterdag, 16 Augustus 2025

Finaal: Saterdag, 23 Augustus 2025

Prioriteitslys vir Blou Bulle Afdeling 4 en 5 Skole Proewe

Jaar	o. 18	o. 16	o. 15
2024	Pretoria Technical High School	Pretoria Technical High School	Pretoria Technical High School
2025	Silverton	Silverton	Silverton
2026	FH Odendaal	FH Odendaal	FH Odendaal
2027			
2028			
2029			
2030			
2031			

Bepalings vir Sewes (2025)

Datum	Aktiwiteit	Plek
Vrydag, 29 Augustus Saterdag, 30 Augustus	Afdeling 4 en 5 skole o. 17	Hoërskool Langenhoven
Vrydag, 5 September Saterdag, 6 September	o. 15 en o. 17	Hoërskool Die Wilgers
Vrydag, 5 September Saterdag, 6 September	Afdeling 1 skole o. 15 en o. 17	Hoërskool Zwartop
Vrydag, 12 September Saterdag, 13 September	o. 15 en o. 17	Sutherland High School (o. 15) Hoërskool Eldoraigne (o. 17)
Vrydag, 19 September Saterdag, 20 September	Noordvaal Kwalifiserende Toernooi	Hoërskool Montana
Vrydag, 26 September Saterdag, 27 September	Noordvaal 7's	Limpopo Bulle (Nylstroom
???	o. 17 Nasionale Toernooi	Boland (TBC)

REGULASIES EN HUISHOUDELIKE REËLS VAN DIE BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYVERENIGING (BBHRV)

1. DOEL

Om Hoërskolerugby in die Blou Bulle-streek te administreer.

2. BEHEER

Die Uitvoerende Komitee van die Blou Bulle Hoërskole Rugbyvereniging, in opdrag van die vereniging se jaarvergadering, sal beheer oor die administrasie uitoefen.

3. DEELNAME

Deelname is beperk tot gewone openbare skole, geregistreerde privaatskole of geregistreerde lede van jeugklubs, soos deur die grondwet bepaal en wel **bona fide**, **voltydse** leerlinge van geaffilieerde Blou Bulle Hoërskole en skole vir buitengewone onderwys en spesiale skole (LSEN) soos in die grondwet uiteengesit.

‘n Bona Fide-leerling is ‘n leerling wat:

(a) Amptelik by ‘n skool ingeskryf is;

Die skool waar die leerder ingeskryf is, is die ENIGSTE opvoedkundige instelling waar die leerder geregistreer is.

(b) teenwoordig is by die skool vir die volle duur van ‘n amptelike skooldag;

(c) akademiese lesse ten volle bywoon;

(d) geregistreer is vir ten minste sewe vakke vir eksamendoeleindes aan die einde van die jaar waarin die liga/kompetisie plaasvind. *‘n Leerlinge wat onderworpe is aan meervuldige eksamenengeleenthede a.g.v. progressive, mag die skool waar hy ingeskryf is verteenwoordig, mits hy aan die ouderdomsvereistes voldoen.*

(e) nie reeds in besit van ‘n matriek- of nasionale seniorsertifikaat is nie – ongeag slaag/druip/onvoltooid.

4. BEPALINGS

Rapporteer asseblief so gou moontlik aan die sekretaris indien daar enige botsings op die bepalings voorkom. In geval van enige verskuiwings of kansellاسies van wedstryde, moet die sekretaris onmiddellik in kennis gestel word.

Die tuisskool is verantwoordelik vir die reëlings m.b.t. skeidsregters, wedstrydtye, velde waarop die verskillende wedstryde gespeel word, balle, beheer van toeskouers en noodhulp. Die besoekende skool moet asseblief *minstens* drie dae voor die bepaling van die finale reëlings in kennis gestel word.

Spelers mag nie vir enige klubspanne speel tot nadat die skool se rugbyseisoen afgehandel is nie, behalwe vir o. 20 of ouer spelers.

4.1. TOESKOUERBEHEER EN TEGNIESE AREA

Afrigters, reserwes en toeskouers moet asseblief ‘n minimum van drie meter aan albei kante van die grenslyn wees, waar versperrings (toue, heinings, ens.) gespan moet word - dit sluit B en alle ander velde in. Indien nog sitplek op die pawiljoen beskikbaar is, mag niemand langs die veld staan nie. As gevolg van die vinnige-ingooi-reël is dit noodsaaklik dat toeskouers nie te maklik met die bal in

aanraking sal kom nie. As die eerstespanne speel moet alle toeskouers op die pawiljoen sit.

TOESKOUERBEHEER is uiters belangrik en skeidsregters het opdrag gekry om die wedstryd te stop indien hulle nie tevrede is met die gedrag/optrede van toeskouers nie.

Velde moet asb. duidelik met vlaggies op die hoeke van die doellyn en doelgebied, sowel as die kwartlyn, gemerk wees. Skole moet toesien dat daar SLEGS langs die veld 'n volledige tegniese area vir die tuisskool sowel as die besoekers uitgemerk is. NET sewe (7) of agt (8) reserwes, die spanbestuurder, die dokter/fisioterapeut/S&C en die afrigters mag daar sit. Slegs vier (4) persone mag na 'n drie of besering op die veld kom (LW: nie tydens strafskop nie) nl: 4 waterdraers of 3 waterdraers en 'n fisio of 2 waterdraers en 'n fisio en 'n "skoptee"-draer. Waterdraers moet ANDERS as spelers lyk en mag nie dieselfde rugbytrui dra nie. GEEN afrigters word op die veld toegelaat nie. Daar mag egter 'n geregistreerde fisio of mediese dokter (slegs een) langs die veld op en af beweeg.

4.2 TEGNIESE TAFEL

Die tegniese tafel bestaan uit drie (3) persone wat by 'n tafel sit, nl. 'n veldbeampte van die tuisskool of 'n Unieverteenwoordiger of 'n Hoërskole Bestuurslid én 'n verteenwoordiger van albei skole, elkeen met 'n stophorlosie. Die veldbeampte het 'n toeter asook die BOKSMART-kaarte, wat 'n spanlys van 23 name van beide spanne insluit. Reël vooraf met die skeidsregter om aan te dui wanneer die tyd aan/af is. 'n Toeter MOET na elke helfte afgaan.

Enige veranderings van spelers MOET deur die tegniese tafel hanteer word. Enige tegniese verandering, asook ander veranderings behalwe bloed, moet twee (2) minute voordat 'n speler op die veld gaan, aangemeld word. Alle veranderings moet op die uitslagkaarte aangedui word, sowel as die tyd wanneer punte aangeteken word, watter tyd spelers vervang word en deur wie. Die rede vir 'n vervanging is ook belangrik, bv. wanneer 'n voorry a.g.v. 'n besering vervang word en die vervangde speler kry seer, mag die oorspronklike voorry NIE weer op die veld gaan NIE. Alle skeidsregters en een afrigter van elke span moet die uitslagkaarte direk na die wedstryd teken.

Daar moet ook by die tegniese tafel voorsiening gemaak word vir spelers wat met 'n geelkaart afgestuur is. Daar moet 2 stoele in die tegniese gebied vir dié doel wees, bv. as 'n voorry 'n geelkaart kry en een van die spelende spelers word dan met 'n reserwe voorry (skrums) vervang, moet albei spelers in die tegniese gebied sit. Die tegniese tafel administreer die tyd vir geelkaarte, nl. 10 min (o.19 1ste-spanne) en 5 min (alle ander spanne) en dui dan ook aan wanneer hy weer mag speel. Alle plaasvervangers meld by die assistent skeidsregter (AR) aan nadat hulle by die tegniese tafel was. Die AR sal die skeidsregter verwittig van sodanige verandering.

"ROAMING" word volgens SARU se regulasie toegepas en laat slegs toe dat 'n geregistreerde dokter of fisioterapeut mag rondswerf ("roam") langs die veld. Die persoon se praktyknommer moet ook op sy/haar beffie saam met sy/haar Boksmartnommer verskyn.

5. OUDERDOMME

Skole moet asseblief verseker dat spelers in die onder-ouderdomspanne aan die nodige vereistes voldoen.

Die vereistes vir 2025 is soos volg:

- **ONDER 14**

Alle seuns wat vanaf 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2010 gebore is.

- **ONDER 15**

Alle seuns wat vanaf 1 Januarie 2009 tot 31 Desember 2009 gebore is.

- **ONDER 16**

Alle seuns wat vanaf 1 Januarie 2008 tot 31 Desember 2008 gebore is.

- **ONDER 19**

Alle eerstespandeelnemers moet 19 jaar of jonger wees, dit wil sê vanaf 1 Januarie tot 31 Desember vanjaar, nie ouer as 19 jaar word nie.

1. GEEN speler mag die ouderdomsgrens oorskry nie.

2. GEEN "post-matriek" mag aan enige van die vereniging se kompetisies deelneem nie.

Spanne/Skole wat hierdie reëls oortree **VERBEUR AL HUL LIGAPUNTE** en/of sal **DISSIPLINÊRE OPTREDE TROTSEER**.

LET WEL: Spelers wat 20 jaar oud is of word in 2025, mag **NIE** vir enige skoolspan speel **NIE**.

6. DUUR VAN WEDSTRYDE

Begin tyd van wedstryde moet verkieslik op die uur vir 'n uur plaasvind, tot by die eerste spanne wat 1 uur en 20 min voor voorsiening gemaak word.

Al die ligawedstryde sal volgens die volgende tydsduur plaasvind:

Eerstespanne : 35 minute "speeltyd" (totaal van 70min)

Oopspanne en o. 16A : 30 minute "looptyd" (totaal van 60 min)

Ander spanne : 25 minute "looptyd" aan 'n kant

Tydens uitspeelwedstryde (finale) is die duur van wedstryde soos volg:

Eerstespan : 35 minute "speeltyd" (beserings uitgesluit)

Oopspanne en o. 16A : 30 minute "speeltyd" (beserings uitgesluit)

Ander spanne : 25 minute "speeltyd" (beserings uitgesluit)

'n Mosie, goedgekeur op die Algemene Jaarvergadering van 2015, lui dat:

"n Wedstryd kan gestop word as die punteverskil 50 punte is en dit is die prerogatief van die verloorspan om te bepaal of die wedstryd kan voortgaan, al dan nie."

7. SKEIDSREGTERS EN ASSISTENT SKEIDSREGTERS

Om die taak van die Blou Bulle Skeidsregtersvereniging te vergemaklik moet die wedstryde op Saterdag vir die eerstespanne voor of stiptelik om 12:00 begin. Indien skole weksdae speel, moet die skeidsregtersvereniging vroegtydig van die korrekte tyd in kennis gestel word. Dit geld veral vir aandwedstryde.

LET WEL: *Skeidsregters word deur die skeidsregtersvereniging (BBRSV) aangestel en nie deur die Hoërskole se Bestuur (BBHRV) nie.*

Indien unieskeidsregters nie as assistant skeidsregters optree nie, mag slegs onderwysers (een van elke skool) as grensregters (AR's) optree - afrigters mag nie as grensregters optree nie. Indien 'n gekwalifiseerde onderwysers nie beskikbaar is nie, mag ouers en senior leerlinge as grensregters optree, mits hulle daartoe gekwalifiseerd is. Slegs Blou Bulle Skeidsregters- en vereniging-grensregters kan ingevolge oortredings van reël 9, hulp aan die skeidsregter verleen om vuilspel uit te wys.

Die beheer van wedstryde moet deur die skeidsregters op die volgende wyse hanteer word, mits aan die vereistes soos deur die skoleskeidsregterskomitee se reglement bepaal, voldoen word. Dit beteken ook dat skoleskeidsregters jaarliks aan die minimum vereistes moet voldoen ten einde skolewedstryde te kan hanteer. Die tuisskool moet reël vir die aanstelling van **unieskeidsregters**:

1ste span:	Unieskeidsregter
2de span:	Unieskeidsregter
3de span:	<i>Besoekers</i>
4de span:	Tuisskool
5de span:	<i>Besoekers</i>
6de span:	Tuisskool
7de span:	<i>Besoekers</i>
o. 16A:	Unieskeidsregter
o. 16B:	<i>Besoekers</i>
o. 16C:	Tuisskool
o. 16D:	<i>Besoekers</i>
o. 15A:	Unieskeidsregter/Besoekers
o. 15B:	Tuisskool
o. 15C:	<i>Besoekers</i>
o. 15D:	Tuisskool
o. 14A:	Unieskeidsregter/Besoekers
o. 14B:	Tuisskool
o. 14C:	<i>Besoekers</i>
o. 14D:	Tuisskool

LW: Indien die unieskeidsregter om een of ander rede nie opdaag nie, word ooreenkomstig reël 6(1) van die SARU-beleid gehandel, nl. *"Indien sodanige gemagtigde skeidsregter nie opdaag nie, kan die betrokke spanne onderling ooreenkom wie as skeidsregter moet optree, of by gebrek aan so 'n ooreenkoms, word hy/sy deur die tuisspan aangestel. Afrigters mag NIE vir hulle eie span blaas NIE".*

7.1 WEDSTRYDAANSTELLINGS VAN SKEIDSREGTERS

Aanstellings vir eerste-, tweede- en o. 16A-spanne word deur die Unie gemaak. Die tuisskool kan, indien moontlik, unieskeidsregters vir die o. 15A, o.14A en ander spanne ook met die Unie reël.

o. 16A- en tweedespan Unieskeidsregters tree as grensregters (AR's) by die eerstespanwedstryd op. Indien een van dié twee grensregters nie kan optree nie, voorsien die tuisskool 'n grensregter. Indien wedstryde vanaf die Saterdag na die Vrydagaand of enige dag in die week geskuif word, geld dieselfde reëling.

Alle veranderings en aansoeke vir skeidsregters moet per epos by die BULLE se SKEIDSREGTERSKANTOOR gedoen word: stephan@bluebull.co.za *(Stephan versoek dat u asb die program van die dag vroegtydig aan hom sal stuur. Hy sal dan beskikbare unieskeidsregters op grond van die program aanstel.)*

SKOLESKEIDSREGTERS

Enige persoon wat onder die jurisduksie van die **BBRU** as skeidsregter wil optree, moet:

- 'n geregistreerde lid van die Provinsiale of Hoërskole Skeidsregtersvereniging wees;
- die Boksmart-kursus bygewoon en voltooi het;
- die "WR On-Line Rugby ready examinations" voltooi het;
- die "WR On-Line Rugby laws examinations" voltooi het;
- die WR Vlak 1-skeidsregterskursus bygewoon en voltooi het (**eenmalig**);
- *verkieslik die Assistent-Skeidsregterskursus bygewoon en voltooi het.*

Slegs onderwysers wat by die skool werksaam is en wat gekwalifiseerd is deur die bogenoemde **minimumvereistes** na te kom, mag skolewedstryde hanteer.

Buite-afrigters/ouers/oud-onderwysers mag wel wedstryde hanteer, mits die persoon aan die bogenoemde minimum vereistes voldoen en beide skole daartoe instem, aangesien 'n onderwyser nie beskikbaar is nie.

Unieskeidsregters mag aangevra word indien die twee skole nie genoeg onderwysers beskikbaar het om die aantal wedstryde te hanteer nie. Afrigters wat in 'n uiterste noodgevalle as grensregters (AR's) vir hul eie span moet optree, mag GEENSINS afrigtingswerk doen NIE!

7.2 VERGOEDING VIR SKEIDSREGTERS

Die UNIE sal die volgende fooie vir die gebruik van Unieskeidsregters hef:

Carlton skeidsregters: R500

Carlton Reserwe: R400

Eerste liga: R400

Tweede liga: R400

Derde Liga: R400

Vierde Liga: R400

Assistentskeidsregters: R250

Tegniese tafel: R250

Sewes (7's): R850 per skeidsregter per dag plus R850 vir die koördineerder.

*Probleme met skeidsregters word persoonlik by **mnr Stephan Geldenhuys** aangemeld (**0765146994**).*

Die BBRSV sal twee keer per jaar aan elke skool rekeninge uitstuur, wat sou gou moontlik of minstens aan die einde van die seisoen ten volle vereffen moet word.

7.3 REËLBOEKE VIR 2025

Beskikbaar op die volgende webblad: www.wrlaws.com/www.sareferees.co.za (soek onder “law matters”).

Let asseblief op die volgende **belangrike boodskap** vanaf SARU:

“...Rugby Season has just commenced or about to start in your respective Provinces, surely you might be inundated with enquiries from the Teams/School Coaches about the application of the Experimental Law Variation in 2023 Season. Please be advised that we will not implement/play the Experimental Law Variations (ELV's) in Amateur Rugby in South Africa in 2023 Amateur Rugby Season. Amateur Rugby is defined as all Clubs, Schools, Varsity Cup/Shield, U21 Shield and U20 Shield rugby matches. World Rugby is still in an experimental phase and will implement laws changes after Rugby World Cup 2023. The only exception which is for SAFETY & Welfare of the players, is the application of the Break-foot at scrums.

All the necessary rugby safety regulations and documentation can be found on [MyBokSmart](https://my.boksmart.com/Documents/BokSmart#Regulations) at the following page:

<https://my.boksmart.com/Documents/BokSmart#Regulations> and also on the BokSmart Website at: <https://www.springboks.rugby/general/boksmart-legislation/>.

*Please find the **SA Rugby Safeguarding policy** under governance and documents on SA Rugby's website.”*

*The HIA or **Head Injury Assessment** is ONLY applicable to World Rugby approved tournaments and ONLY at the elite professional levels of the game, e.g., the United Rugby Championship, Heineken Cup, Champion's Cup, Test matches, and the international Sevens World Series men and women tournaments. The HIA is NOT applicable at any other matches played, even at Provincial level, where it is not a World Rugby approved tournament, and where the tournaments don't meet the medical standards set for the HIA to be utilised. **For all other matches, the 'Recognise and Remove' Law is in play, and this is where the Blue Card must be used. Law 3.24 and Law 3.22 (c) refer.** Please ensure that the Referees have their Blue Cards available and use them only when required to do so. As mentioned previously, the situation must be clear and obvious, for the referee to use the Blue Card.*

*Please ensure that when the Blue Card is applied, that the referee involved **uses and physically shows the Blue Card**, the involved player is sent off, **and the case is logged online** after the match at <https://bluecard.footprintapp.net/>. It is important that where possible, every referee who issued a Blue Card, reports this online as well, so that we can monitor concussions recorded at these levels across South Africa. If we don't know the true picture, we cannot know the true risk, so this process is critical.*

*Although applicable to all amateur rugby within SA, this is also important for 'recognise and remove' **televised matches**, where the HIA is not applied (as per the above explanation). **It is important that the visual Blue Card (where required and applicable) is SEEN on Television (and not simply mentioned by the match referee!)** by those watching the game and is then acted upon by those involved in the players' management.*

Please don't forget the online reporting side of the process, so that those involved players, their families and immediate support network, can have access to relevant information for the players' correct management and return to rugby processes.

Sports Concussion SA's medical professional network is always available should they be needed – a reminder that this remains an '**at own cost**' service, but these are rugby concussion specialists, who are accessible via these protocols.

8. UITSLAE EN LIGAPUNTE

Uitslae van ligawedstryde moet op die vorm (**BB1**) hierby ingesluit direk na afloop van die wedstryde aan die ligasekretaris gestuur word – die tuisskool is hiervoor verantwoordelik. Albei organiseerders moet die vorm onderteken om die korrektheid te sertifiseer, en hierdie gegewens sal as finaal beskou word.

Die volgende ligapunte word toegeken:

Deelname	-	1 punt
Druk 3 drieë of meer	-	1 punt
Verloor met 7 of minder punte	-	1 punt
Gelykop	-	2 punte
Wen	-	4 punte

Die afdelingsekretaris sal die ligauitslae weekliks opdateer en aan die betrokke skole deurstuur.

9. REGISTRASIE VAN SPELERS

Alle spelers moet skriftelik by hul skool of jeugklub registreer, met 'n bewys van ouderdom, *bv. gesertifiseerde afskrif van geboortesertifikaat/ID-dokument/paspoort*. Hierdie registrasie-inligting van alle spelers van die betrokke skool of jeugklub moet te alle tye tydens wedstryddae by die betrokke skool se rugby-organiseerder beskikbaar wees. Alle navrae moet met die organiseerder hanteer word. Indien een of meer spelers se registrasiedokumente nie beskikbaar is nie, moet die saak *voor die afskop van die wedstryd* aangespreek word. Kontak die betrokke afdelingsekretaris of enige van die BBHRV se uitvoerende bestuurslede. Indien die saak nie voor die wedstryd uitgeklaar is nie of indien nuwe inligting na die wedstryd bekend raak, word die wedstryd as vriendskaplik beskou, onderhewig aan verdere ondersoek deur die BBHRV.

LET WEL: Indien 'n speler in die verkeerde ouderdomsgroep rugby speel (d.i. té oud), sal die span of (in ekstreme gevalle) skool al hul ligapunte verbeur.

Voltooi vorm **BB6** vir Afrikaanse leerders en vorm **BB7** vir Engelse leerders. *Geen rugbyspeler behoort toegelaat word om rugby te speel alvorens die registrasievorm voltooi en by rugbyorganiseerder ingehandig is nie*

TYDENS UITSPEELWEDSTRYDE MOET DIE REGISTRASIEDOKUMENTE SOWEL AS 'N GESERTIFISEERDE SPANLYS (Skoolstempel en Hoof se handtekening) BY DIE WEDSTRYDBEAMPTE INGEHANDIG WORD, SOOS DEUR BOKSMART BEPAAL. BY VERSUIM HIERVAN VERBEUR DIE SPAN DIE WEDSTRYD.

10. BALLE

Die tuisskool is verantwoordelik vir die balle. Al die spanne speel met nommer 5, sintetiese, wit balle. (**Gilbert of MITRE of Rhino of Living Ball – “match balls”**).

11. PLAASVERVANGERS

'n Rugbyspan bestaan uit 15 tot 23 spelers. Die plaasvervangers sal bestaan uit 'n vaskop, 'n haker, 'n loskop (volledige voorry), 'n speler wat flank en/of slot (veelsydige voorspeler) kan speel en vier (4) ander spelers in geval van agt (8) reserwes. Indien net sewe (7) of minder reserwes, geld Wêreldrugby se reël no. 3 (o. 19 variasie) en moet die skeidsregter, tegniese tafel en opponente **voor** die aanvang van die wedstryd ingelig word. Spelers wat in die voorry kan speel, moet duidelik op die spanlys aangedui word.

NB: tot twaalf (12) deurlopende vervangings ("rolling subs") kan gemaak word.

By onder-ouderdomspanne moet die plaasvervangers die regte ouderdom hê. Beserings moet deur spelers uit die laer spanne vervang word, bv. by die 3de spanne moet die spelers uit 4de, 5de of 6de spanne geneem word. By o. 16A, o. 15A en o. 14A slegs spelers uit o. 16B, o. 15B en o. 14B respektiewelik.

Onder-ouderdomspelers mag nie as plaasvervangers by seniorspanne gebruik word nie, behalwe o. 16A-spelers **WAT DEUR SARU GEËVALUEER EN GOEDGEKEUR** is om vir die eerstespan te speel. Hulle het deur die aansoek-vereistes en S&C-protokolle, asook die vereiste mediese toetse gegaan en dit geslaag. Die rugby-organiseerder moet namens die skool ook aan die vereiste ouderdomsbinding ("age-banding") dokumentasie en goedkeurings vir o. 17-spelers wat in die voorry (stut of haker) speel, voldoen.

Indien die A-span vir 'n betrokke ouderdom onttrek vir 'n spesifieke wedstryd mag die B-span en spanne laer af nie speel nie. Die opponentespan kry 5 punte (1 vir deelname en 4 vir 'n wen).

Geen A-spanspeler mag vir 'n B-span of laer speel nie, behalwe waar sodanige speler 'n speler in die A-span (tydens die A-span wedstryd) vervang het - met ander woorde die speler was oorspronklik vir die laer span gekies.

'n Speler mag nie vir twee verskillende onder-ouderdomspanne op een dag speel nie. Skole wat met diepte/getalle sukkel (bv. het nie B-spanne nie), mag toelaat dat o. 14 spelers by die o. 15-span op die plaasvervangerbank sit en dat o. 15-spelers by o. 16-spanne se plaasvervangersbank sit. Hierdie wedstryde moet na mekaar plaasvind, bv. o. 14's eerste wedstryd, dan o. 15's en laaste o. 16's. Spelers mag nie vir twee ouderdomsgroepe begin nie, m.a.w vir o. 14 en dan weer vir o. 15 begin nie.

SANKSIE - Span/ne verloor alle ligapunte waar dit plaasgevind het en opponente kry die volle 6 ligapunte.

Indien 'n span gebruik maak van 'n speler wat te oud is (al is dit slegs vir 'n gedeelte van 'n wedstryd) verbeur daardie span alle punte. Waar opponente teen sodanige span verloor het, kry hulle 5 punte en indien die opponente gewen het, behou die wenspan die punte verdien.

Indien 'n span/skool nie al sy ligaverpligtinge kan nakom nie (1 of meer wedstryde) verbeur sodanige span alle liga- en bonuspunte wat reeds verdien is. Alle opponente in daardie liga kry 1 punt vir deelname, ongeag of die wedstryd reeds plaasgevind het of nie.

12. AFSTUUR VAN SPELERS

12.1 AFSTUUR VAN SPELERS DEUR UNIESKEIDSREGTERS

Geel- en rooikaarte kan slegs deur unieskeidsregters toegeken word. Die unieskeidsregter gee 'n verslag aan die Unie, waar rekord gehou sal word. Die tegniese tafel of organiseerder moet die skeidsregter daarop wys/herinner om 'n verslag by mnr. Stephan Geldenhuys (BBRSV) in te dien, wat al die rooikaartinligting sal versamel en weekliks aan **Mnr Jaco Kleynhans** (BBHRV Skeidsregtervertegenwoordiger) sal deurgee.

Indien 'n speler 'n rooikaart ontvang het, moet die betrokke rugby-organiseerder die nodige vorms voltooi en dit aan **Mnr Jaco Kleynhans (Midstream College @ 0833521740 of 0126610590 of jkleynhans@midstreamcollege.co.za)** stuur – nie later as die Maandag of die volgende werksdag na 'n wedstryd nie. Sodanige speler MOET sy registrasiedokument of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, asook 'n foto of oorspronklike ID na die dissiplinêre verhoor saambring.

Die uitslag van verhoor en 'n foto van die speler, indien nodig, sal gestuur word aan:

- Mnr Stephan Geldenhuys (BBRSV);
- die Voorsitter van die BBHRV;
- die betrokke afdeling se Voorsitter/Sekretaris;
- die opponente skool.

Toepaslike regulasies:

1 geelkaart = 10 minute in "sinbin" vir eerstespanspelers en 5 minute vir alle ander spanne;

2 geelkaarte in een wedstryd = **1 rooikaart** (afstuur + dissiplinêre komitee)

1 rooikaart = afstuur en dissiplinêre komitee;

Die nuwe **rooikaartreël**, soos bekragtig deur SARU op 13 Januarie 2025, geld :

o. 18 – o. 19 1^{ste}-spanspelers (35 minute aan 'n kant) wat rooikaart ontvang verlaat die veld en mag na 15 minute deur 'n ander speler vervang word – halftyd uitgesluit;
o.16 en o.19 spelers wat in 30 minute aan 'n kant wedstryde speel en rooikaart ontvang, verlaat die veld en mag na 12 minute deur 'n ander speler vervang word;
o. 14 – o. 19 spelers wat in 25 minute aan 'n kant wedstryde speel en rooikaart ontvang, verlaat die veld en mag na 10 minute deur 'n ander speler vervang word – halftyd uitgesluit;

(die speler wat die rooikaart ontvang word outomaties vir een (1) wedstryd geskors en 'n dissiplinêre/tugverhoor vind binne 'n week by die speler se tuis-unie plaas.)*

Bloed – 15 minute (looptyd = “running time”)

Indien die verkeerde speler deur 'n skeidsregter afgestuur word, het die Voorsitter die bevoegdheid om die saak na die betrokke skool te verwys vir verdere hantering van die geval, mits beeldmateriaal of die nodige bewyse dit beaam.

Skole wat rooikaart-insidente nie aanmeld nie loop die risiko om alle ligapunte vir

die betrokke wedstryd te verloor. Daar is uit die bestuur 'n dissiplinêre komitee saamgestel wat alle rooikaart-insidente hanteer. 'n Speler wat 'n rooikaart gekry het, word geskors totdat die verhoor afgehandel is. 'n Speler kan slegs weer speel nadat hy voor die dissiplinêre komitee verskyn het en die saak afgehandel is. Die dissiplinêre verhoor word in ernstige gevalle en indien versoek deur die Voorsitter, deur die speler en sy afrigter of rugby-organiseerder bygewoon. Beeldmateriaal van die voorval kan saamgebring word, maar moet vooraf met die Voorsitter gereël word.

'n Groot taak rus op die skouers van hoofde, rugbyorganiseerders en afrigters ten opsigte van die beheer en uitwissing van vuilspel. Die Bestuur beklemtoon dat alle rooikaartoortredings deur een of meer spelers van 'n skool begaan, onder die jurisduksie van die BBHRV resorteer – selfs in wedstryde wat buite die BBRU se grense gespeel word en dat sodanige rooikaart oortredings steeds aangemeld moet word, soos hierbo uiteengesit.

12.2 AFSTUUR VAN SPELERS DEUR ONDERWYSERS

'n Onderwyser wat as skeidsregter optree en aan die minimum vereistes (7.1) voldoen, mag nie geel- en rooikaarte gebruik nie. Hy mag wel 'n speler afstuur en vorm **BB2 onmiddellik** invul. Die vorm moet deur die tuisskool aan mnr. Jaco Kleynhans (Voorsitter van BBHRV se dissiplinêre komitee) ge-e-pos word.

13. UITSPEELWEDSTRYDE

Die volgende beginsels geld ten opsigte van alle uitspeelwedstryde d.w.s kwarteindronktes, halfeindronktes en finale:

- Die spanne betrokke by uitspeelwedstryde is o. 14A-, o. 15A-, o. 16A- en eerstespanne.
- 'n Gesertifiseerde spanlys tesame met die registrasiedokumente moet voor die wedstryd, soos deur Boksmart vereis, by die wedstrydbeampte ingehandig word.

Spanne wat nie aan die vereistes voldoen nie, verbeur die wedstryd.

13.1 Indien twee spanne gelykop eindig in die liga word die ligaposisie gedeel, maar die span wat kwalifiseer om verder deel te neem, word bepaal deur die grootste verskil in punte vir en punte teen in al die ligawedstryde behaal. Spanne wat gelyk tweede eindig, word op dieselfde wyse hanteer. Indien die spanne dieselfde punteverskil het, gaan die span wat die ligawedstryd tussen die betrokke twee spanne gewen het, deur. Indien nog gelyk, volg 'n ekstra uitspeelwedstryd.

13.2 Wanneer twee spanne gelykop eindig tydens uitspeelwedstryde, is daar geen ekstras tyd nie en die bepalinge van die Noordvaalreglement geld:

**1. meeste drieë 2. eerste drie gedruk 3. eerste punte aangeteken
4. indien steeds gelyk, word die wedstryd oorgespeel.**

13.3 Wanneer 'n wedstryd 0-0 eindig: wedstryd moet op die eerste Dinsdag na die uitspele plaasvind by die skool waar die ligabepaling nie plaasgevind het nie.

14. REËLINGS VIR UITSPEELWEDSTRYDE

14.1 Kwart eind-, halfeind en finale uitspeelwedstryde vind, soos gedruk onder die wedstrydbepalings van elk van die afdelings, plaas.

- **Balle:** beide skole bring wedstrydballe saam.
- **Noodhulp:** Die tuisskool sorg vir voldoende noodhulp.
- **Verversings:** Die tuisskool sal die personeel van die besoekende skool ontvang en kan verversings vir eie gewin verkoop.

14.2 Tydsduur: die eerstespanne speel **35 minute speelyd** (“playing time”), o. 16 speel **30 minute speelyd** en al die ander spanne **25 minute speelyd** aan 'n kant.

15. LAERSKOOLLEERDERS

'n o. 14-speler van 'n laerskool mag by 'n Hoërskool/Jeugklub rugby speel.

LW: *Skriftelike toestemming van beide skoolhoofde en ouers is nodig.* Sodanige speler mag in die o. 14A of enige laer o. 14-span speel, *maar slegs vir een skool gedurende 'n seisoen.*

16. TUISONDERRIG

Leerlinge wat tuisonderrig ontvang mag vir 'n geaffilieerde skool speel met die volgende voorbehoude:

16.1 Die speler mag slegs vir een skool in 'n seisoen speel.

16.2 'n Brief van die ouer / voog en 'n bewys van registrasie by 'n geregistreerde Tuisonderrig Organisasie moet voor of op 28 Februarie van die betrokke jaar by die BBHRV ingehandig word.

16.3 Ten einde vir so speler om in enige uitspele (kwart; half of finaal) te speel, moet hy in ten minste 50% van die ligawedstryde gespeel het.

17. KLEREDRAG

Waar verwarring tussen spanne se trui voorkom, speel die tuisspan in skooltrui. Besoekers moet reël om in ander trui te speel. Skole wat nuwe trui invoer, moet asseblief die BBHRV raadpleeg om te voorkom dat skole in dieselfde kleure en/of ontwerpe speel.

18. UITSLAE VAN WEDSTRYDE

Uitslae van wedstryde moet op die vorm **(BB1)** hierby ingesluit direk na afloop van die wedstryde aan die betrokke sekretaris gestuur word – die tuisskool is hiervoor verantwoordelik. Albei organiseerders moet die vorm onderteken om die korrektheid te sertifiseer en hierdie gegewens sal as finaal beskou word.

19. PROVINSIALE VERPLIGTINGE

Ons is 'n welbekende rugbyprovinsie met 'n trotse geskiedenis, veral op inter-

provinsiale en nasionale vlak. *Hoofde/rugby-organiseerders/afrigters moet daarop let dat provinsiale verpligtinge voorkeur geniet bo skoleverpligtinge.*

‘n Speler moet vir sy skool beskikbaar wees alvorens sodanige speler in aanmerking kan kom vir insluiting in ‘n provinsiale span. **Indien ‘n speler sonder goeie rede(s) uit die provinsiale spanne onttrek, sal hy nie weer dieselfde jaar of die daaropvolgende jaar vir enige provinsiale span oorweeg word nie, anders as vir mediese redes (bevestig deur ‘n mediese spesialis of dokter en relevante mediese verslae).**

20. NOODHULP

Skole moet hulle vergewis van die minimum vereistes vir noodhulp, soos voorgeskryf deur die SARU Mediese vereniging en BOKSMART. Daar moet voldoende noodhulp by elke wedstryd beskikbaar wees. Indien daar nie voldoende noodhulp volgens die skeidsregter beskikbaar is nie, mag die skeidsregter weier dat die wedstryd begin of voortgaan.

21. AMALGAMASIE OF SAMESMELTING VAN SKOLE SE RUGBY SPANNE

Indien skole weens ‘n ernstige daling in die getal rugbyspelers sou besluit om wat rugby betref, saam te smelt, geld die volgende reëlins:

- ✓ Beide skoolhoofde moet ‘n brief onderteken waarin die redes en motivering van so ‘n besluit uitgestippel word.
- ✓ Beide Voorsitters van die onderskeie skole se Beheerliggame of Direkteure moet sodanige brief ook onderteken.
- ✓ Hierdie korrespondensie moet voor die laaste bestuursvergadering van die jaar en die AJV (Oktober) aan die Voorsitter van die BBHRV gestuur word vir voorlegging en oorweging deur die Uitvoerende Bestuur.

22. ANDER KOMPETISIES

Die algemene jaarvergadering (AJV) sal besluit of daar enige ander kompetisies sal plaasvind, asook die reëls waarvolgens gespeel sal word.

RUGBY UITSLAE**BB1**

Tuisskool: _____ Datum gespeel: ____/____/2025

Besoekers: _____

RUGBY								
	Tuisskool				Besoekers			
Span	Drieë	Skoppe	Totaal	Bonus Punte	Drieë	Skoppe	Totaal	Bonus Punte
1								
2								
3								
4								
5								
o. 16A								
o. 16B								
o. 16C								
o. 16D								
o. 15A								
o. 15B								
o. 15C								
o. 15D								
o. 14A								
o. 14B								
o. 14C								
o. 14D								

Geteken:

Organiseerder-Tuisskool: _____ Besoekers: _____

Hoof-Tuisskool: _____ Besoekers: _____

Het enige spelers Geelkaarte ontvang? _____ Rooikaarte? _____

Name: _____

Stuur volledig aan die volgende persone na elke bepaling/wedstryd:

Afdeling 1 – Adam Barnard (0829240345 en barnard.a@zwarries.co.za)

Afdeling 2 – Werner Jansen van Rensburg (0840189999 en rugby@wonnies.co.za)

Afdeling 3 – Dillan Hanafey (0609954479 en dhanafey@rietondalehs.co.za)

Afdeling 4 – Divan Prinsloo (0828820374 en divan.p@curro.co.za)

Afdeling 5 – Heinrich Kotze (0763950806 en kotzeheinrich59@yahoo.com of alt.)

BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYSKEIDSREGTERSVERENIGING DISSIPLINÊRE VERSLAG: SPELER(S) AFGESTUUR
--

SLEGS: ONDERWYSERSSKEIDSREGTERVERSLAG

1. Wedstryd _____ vs _____
2. Datum van wedstryd _____
3. Tyd _____
4. Veld _____
5. Liga _____
6. Naam van skeidsregter _____
7. Gradering / Skool _____
8. Name van grensregters _____
9. Naam van speler/s _____
10. Reëloortreding deur speler/s _____
11. Beskrywing van oortreding

12. Is 'n speler/s a.g.v. die oortreding beseer? (Beskryf)

13. Het betrokke speler gedurende wedstryd probleme veroorsaak? (Beskryf)

14. Is kaptein oor speler se gedrag ingelig? _____
15. Het kaptein sy samewerking gegee? _____

 SKEIDSREGTER

 / / 2025
 DATUM

BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYSKEIDSREGTERSVERENIGING
--

SLEGS: UNIESKEIDSREGTERS

SKEIDSREGTERSVERSLAG: SPELER GEELKAART / ROOIKAART

1. Wedstryd _____ vs _____
2. Datum van wedstryd _____
3. Tyd _____
4. Veld _____
5. Liga _____
6. Naam van skeidsregter _____
7. Naam en nommer van speler _____
8. Speler se klub _____
9. Beskrywing van oortreding _____

10. Was oortreding deur grensregter uitgewys? Ja / Nee (Indien ja moet dieselfde verslag aangeheg word.)

SKEIDSREGTER HANDTEKENING

/ / 2025
DATUM

BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYVERENIGING

UITSLAGVORM VIR DIE PERS (SPORT)

DATUM: ____/____/ **2025**

TUISSKOOL: _____ VS _____

A. EERSTE SPAN

1. Eindtelling: Rustydtelling:

2. Puntemakers (albei spanne):
.....
.....

3. Uitblinkers:
.....

4. Algemene indrukke:
.....
.....

B. ANDER UITSLAE

Span	Tuisskool	Besoekers
1		
2		
3		
4		
5		
o. 16A		
o. 16B		
o. 16C		
o. 16D		
o. 15A		
o. 15B		
o. 15C		
o. 15D		
o. 14A		
o. 14B		
o. 14C		
o. 14D		

Rugbyorganiseerder:

BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYVERENIGING**BB5****EVALUERINGSVORM VIR PROEWE**

SKOOL: _____ SPAN: _____

TEL : _____ SPAN AFRIGTERS: _____

NAAM: _____ TEL NR. _____

NAAM: _____ TEL NR. _____

Pos	Naam	Geboortedatum	Graad	Opmerking
1		20		
2		20		
3		20		
4		20		
5		20		
6		20		
7		20		
8		20		
9		20		
10		20		
11		20		
12		20		
13		20		
14		20		
15		20		

1. OPMERKINGS

ONDER OPMERKINGS KAN U ENKELE STERKPUNTE VAN DIE SPELERS NOEM WAARVAN DIE KEURDERS VERAL MOET KENNIS NEEM.

2. BESEERDE SPELERS

GEE DIE NAME EN POSISIES VAN SPELERS WAT NIE IN DIE PROEFWEDSTRYDE SPEEL NIE, MAAR WAARNA DIE KEURDERS BESLIS MOET KYK.

1. _____

2. _____

3. _____

BLOU BULLE HOËRSKOLE RUGBYVERENIGING REGISTRASIEVORM BB6

Van: _____ Voorname: _____

Geboorte datum : _____

ID. Nommer : _____

Geboorteplek : _____

Ouer(s)/voog(de) : _____

Foto van

Speler

Adres (voltooi in potlood): _____

Telefoon (voltooi in potlood)

Huis: _____

Werk (Pa): _____ (Ma): _____

'n Gesertifiseerde afskrif van die speler se geboortesertifikaat (ID) moet aangeheg word.

- ✚ Ek bevestig hiermee dat ek as speler geen verbode middels sal gebruik soos deur WADA (*World Anti-Doping Agency*) op die lys van verbode middels gepubliseer is nie.
- ✚ As ouer(s)/voog bevestig ons dat die speler soos hierbo genoem na ons goeie kennis nie enige van die verbode middels soos op die WADA lys gepubliseer gebruik nie.
- ✚ Hiermee word toestemming verleen dat die speler indien daar 'n vermoede bestaan dat hy verbode middels gebruik deur SAIDS (*South African Institute for Drug free Sport*) getoets mag word.
- ✚ Versuim om hierdie vorm te onderteken/toetsing te ondergaan sal as 'n skulderkenning gesien word en sal tot die skorsing van die speler kan lei.
- ✚ Ek/ons ouer(s)/voog bevestig dat ons die wettige ouers/voogd(e) is van _____ (naam van speler), en dat hierdie vorm onderteken word in die gees waarin dit gesien word en vryelik sonder enige onredelike beïnvloeding onderteken is, deur die speler en die ouers/voogde.
- ✚ Hierdie toestemming en bevestiging is onherroeplik en sal geldig wees vir die duur van die periode wat _____ (naam van speler) deelneem aan die sport.

Handtekening: Speler: _____ Ouer/Voog: _____

HIERMEE WORD GESERTIFISEER DAT BOGENOEMDE INLIGTING GEKONTROLEER EN KORREK IS.

A. Skoolhoof (handtekening)

SKOOLSTEMPEL

B. _____
Rugbyorganiseerder (handtekening)

Datum: _____ / _____ / 2025

BOGENOEMDE INLIGTING MOET DEUR A EN B GEKONTROLEER WORD.

BLUE BULLS HIGH SCHOOL RUGBY ASSOCIATION REGISTRATION FORM

BB7

Surname: _____ Christian Names: _____

Date of birth : _____

ID. Number : _____

Place of birth : _____


Parent(s)/guardian(s) : _____

Address (complete in pencil): _____

Telephone (complete in pencil)

Home: _____

Work (Father): _____ (Mother): _____



A certified copy of the player's birth certificate (ID) to be attached.

- ☒ I hereby confirm that as a player I will not take any of the prohibited substances as published on the WADA (*World Anti-Doping Agency*) list of prohibited substances.
- ☒ As parent(s)/guardian I confirm that to the best of my knowledge the player as stated above is not taking any of the prohibited substances as it appears on the WADA list of prohibited substances.
- ☒ I hereby give consent that the player, if there is a strong suspicion that he is taking prohibited substances may be tested by SAIDS (*South African Institute for a Drug Free Sport*).
- ☒ Failure to sign this form as well as the failure to be tested will be seen as acknowledgement of guilt and could lead to the suspension of the player.
- ☒ I/We, the parent(s)/guardian(s) hereby state that we are the legal guardian(s) of _____ (name of player), and that this form has been signed with the best of intentions, and not under any duress.
- ☒ This permission and witnessing is valid for the duration of the period that _____ (name of player) participates in the sport.

Signature: Player _____ Parent(s)/Guardian(s): _____

WE HEREBY CERTIFY THAT THE ABOVE INFORMATION HAS BEEN PROPERLY CHECKED AND IS CORRECT.

A. Principal (signature)

School stamp

B. Rugby organiser (signature)

DATE: ____ / ____ / 2025

ABOVE INFORMATION MUST BE CONTROLLED BY A AND B.

Blou Bulle Rugby Afrigtersvereniging Tshwane (BBRAV TSHWANE)
Afrigtersregistrasie 2025
Blue Bulls Rugby Coaches Association Tshwane (BBRAV TSHWANE)
Coaches Registration-2025

BB 8

PERSOONLIKE BESONDERHEDE/PERSONAL DETAILS

Volle name/Full Names	
Van/Surname	
ID no/ID nr	
Adres/Address	
Klub/Club/Skool/School	
Held/Hero	

KONTAKBESONDERHEDE / CONTACT DETAILS

Telefoon/Telephone	
Selnommer/Cell No.	
E-pos/E –mail	

AFRIGTING ERVARING/COACHING EXPERIENCE

Afrigtingskursusse voltooi/Coache Courses Completed	Vlak/Level:	Jaar/Year:
	Vlak/Level	Jaar/Year
	Vlak/Level	Jaar/Year
	Vlak/Level	Jaar/Year
	Vlak/Level	Jaar/Year
	Vlak/Level	Jaar/Year
BOKSMART	Nommer/ Number	Jaar/ Year:

AFRIGTER PRESTASIE/COACHES ACHIEVEMENTS

1)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement
2)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement
3)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement
4)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement
5)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement
6)	Jaar/Year	Prestasie/Achievement

(Amptelike Gebruik/Official Use)

LID NR. / MEMBERSHIP NO.

AFRIGTERSVERENIGING

AFRIGTEROPLEIDING EN AFRIGTERREGISTRASIE 2025

1. *Belangrike inligting t.o.v. die registrasie van afrigters:*

Vanaf Januarie 2018 MOET alle afrigters aanlyn registreer as 'n afrigter in die streke van die BBRU (Tshwane en Limpopo). U kan NIE afrig by enige skool of klub as u nie aanlyn geregistreer is nie. Die doel hiervan is dat die BBRU 'n volledige databasis wil hê van sy afrigters en of hulle wel kwalifiseer om af te rig soos dit in die Afrigtings Regulasie en Beleid verskyn en ook soos dit in die Gedragskode van die Afrigter bepaal. Die inligting word ook aan SA Rugby en SASCOC verskaf om te wys dat alle afrigters in die BBRU- streek voldoen aan die vereistes om by skole en klubs af te rig.

Die registrasie word aanlyn gedoen by **www.bullscoaching.co.za**. Waar u 'n profiel van u gaan skep as 'n afrigter. U gaan klik op die hofie "Coaches Registration" en kies Tshwane of Limpopo. Volg die prosedure om te registreer verder. Baie belangrik is dat u al u besonderhede volledig moet voltooi anders sal u nie verder kan gaan met die registrasie nie. As u kom waar u identiteit nommer moet voltooi sal u sien dat u BokSmart sertifisering inligting sal verskyn soos dit op BokSmart se data basis is. Indien u nie BokSmart gesertifiseer is nie of u BokSmart sertifisering het verstryk sal u herlei word na die BokSmart registrasie waar u eers moet registreer om 'n BokSmart opleiding te kan bywoon sodat u sertifisering kan ontvang. U sal ook geen World Rugby kursusse kan bywoon indien u nie BokSmart sertifisering het of as 'n afrigter geregistreer is by 'n klub of skool nie. As u sertifisering in orde is, sal u kan voortgaan met die registrasie as afrigter.

Aan die einde van die registrasie sal u gevra word om u rugby afrigtings kwalifikasie/s op te laai. Dit is u World Rugby sertifikaat wat u verwerf het. Indien u nie 'n elektroniese sertifikaat het nie, skandeer die sertifikaat en laai dit op. Indien u nie 'n World Rugby Vlak 1 sertifikaat kan oplaai nie, sal u nie die registrasie proses kan voltooi nie omrede dit 'n vereiste is dat u 'n minimum World Rugby Vlak 1 sertifikaat moet hê om af te rig. Die finale data sal aan die skole en klubs gestuur word dat u kan sien watter afrigters is geregistreer om af te rig in die BBRU streek. Die koste hieraan is verbonde is gratis.

2. *Registrasie van World Rugby Afrigtings kursusse (www.bullscoaching.co.za):*

U sal nie kan registreer vir 'n kursus alvorens u profiel geskep het as 'n afrigter nie. Indien u wel 'n profiel het kan u registreer vir die kursus wat u wil bywoon.

Die registrasie proses gaan vinniger en makliker wees omdat al u inligting alreeds op die stelsel is. Baie belangrik is dat die registrasie van die kursusse 5 dae voor die datum sluit sodat ons die administrasie proses kan afhandel vir die kursus.

3. *BokSmart-opleiding:*

BokSmart-opleiding kan nou aanlyn gedoen word op **www.my.boksmart.com**

Alle afrigters moet n profile gaan registreer op die webblad' voordat hulle kan inskakel om die aanlyn kursus te voltooi.

Nadat die aanlynkursus voltooi is, sal die afrigter op sy profile 'n BokSmart virtuele kaart kan aflaai. Hierdie moet te alle tye op die afrigter se foon beskikbaar wees.

Mag 2025 vir u voorspoedig wees en kontak gerus vir **Angelique Jacobs (BBRU)** of **Darryn Venter (BBHRV)** vir enige verwante navrae of sake.

NB: Onthou ook die opleidingsgeleentheid vir die tegniese tafel en skoleskeidsregters op Donderdag, 6 Februarie 2025 om 18:00 – 20:00 by Loftus Versfeld se Ouditorium!

NOORDVAAL PRIORITEITSLYSTE VIR 2021 TOT 2026

Prioriteitslys vir Afdeling 2

Prioriteit	1	2	3	4	5	6
2024	Pumas	Valke + Dinamika	Blou Bulle + Bergsig	Limpopo	-	-
2025	Valke	Blou Bulle & Luiperds	Limpopo	Pumas	-	-

Prioriteitslys vir Afdelings 3, 4 EN 5

Prioriteit		2021	2022	2023	2024	2025	2026
1	a	Valke	Blou Bulle	Luiperds	Pumas	Goue Leeus	Limpopo
2	b	Pumas	Limpopo	Valke	Goue Leeus	Blou Bulle	Luiperds
3	c	Limpopo	Goue Leeus	Pumas	Valke	Luiperds	Blou Bulle
4	d	Luiperds	Valke	Goue Leeus	Blou Bulle	Limpopo	Pumas
5	e	Blou Bulle	Pumas	Limpopo	Luiperds	Valke	Goue Leeus
6	f	Goue Leeus	Luiperds	Blou Bulle	Limpopo	Pumas	Valke